# DIE FONTEINTJIE

Augustus 2015

-



## INHOUD


Die Voorsitter aan die woord

Van die Redaksie

Rietfontein bestuur

Jaarprogram

Algemeen

Lag jou wind uit

Konings kos uit die vlei spens

Ons Gryse Jeug

Jonk wees is "cool

Vir die kleuter

Nabetragting





S.A.W.A

Rietfontein

# RIETFONTEIN BESTUUR



VAN LINKS NA REGS: Elize Wessels, Hentie Wessels Elize Carstens, Magda de Villiers, Megan Carstens, Riaan Carstens, Nellie Green.

## KONTAK BESONDERHEDE VAN BESTUURSLEDE

| | | |
|---|---|---|
| Vooritter | Hentie Wessels | hentie@rsj.co.za<br>0834490777 |
| Onder Voorsitster | Megan Carstens | megancarstens@vodamail.co.za<br>0823125796 |
| Sekretaresse | Elize Wessels | queenelizew@gmail.com<br>0828186412 |
| Penningmeester | Elize Carstens | elize.carstens01@gmail.com<br>0832828262 |
| Bate Houer | Riaan Carstens | riaan@afdia.co.za<br>0825622474 |
| Skakel Beampte | Nellie Green | greenacr@absamail.co.za<br>0826712488 |
| Redaktriese | Magda de Villiers | magda.devilliers@hotmail.com<br>0845494421 |



# Uit die pen van die Voorsitter

Rietfonteiners,

Ons het 10 suksesvolle saamtrekke gehou in die AJV 2014/2015 jaar insluitend onder die Rietfontein vaandel. …… ons het die kragopwekker uitgeloot wat Nicki Ferreira by Bosveld Oase, ons monde het gebrand by die Stable Inn Kerskamp met die "Bunny Chows" van Mike & Mariza , in die begin van 2015 by Stable Inn lekker ge-eet met die kos wat Alfie * Nicola gemaak het, weer Oom Terry se verjaardag gevier by San Cha Len hierdie keer soner Shawn se "trimmings", 'n suksesvolle Presidente by Klipdraai gehou met die Slush Puppies en springmieleis, worsrolle van Fanie en Martie ge-eet by Kokoriba, in die tou gestaan vir "fish and chips" by Warmbad, wild gekyk by Dube en by Soetdoring gaan ons die derde AJV doen.

Dankie aan elke Kampkommandant en elke lid wat saam gekamp het, dit was lekker.

Rietfonteiners julle is 'n "great" groepie spesiale mense !!

Ons lede was oor die algemeen geseënd met gesondheid die afgelope jaar, maar Jannie Els, Alida Els en Johan Erwee het wel 'n draai in die hospitaal gemaak. Fanie Wilken, Shaun McLean, Mercia McLean en Jan du Plessis het almal hulle 60ste verjaardag gevier hierdie jaar. Buskaartjies is nou goedkoper vir hulle !

Baie dankie aan Megan, Magda, Elize C, Elize W, Riaan en Tannie Nellie vir julle lekker samewerking deur die jaar, julle is voorwaar 'n span om op te reken.

Ek sluit af met Hábakuk 3 vers 19 – " Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop. "

Stuur groete !

Hentie Wessels
( Voorsitter : SAWA Rietfontein )



# Van die



# Redaksie

Halo al die Rietfonteiners,

Met die uurglas wat nou baie vinnig besig om uit te loop vir 2015, is almal in rep en roer met die beplanning van die Desember vakansie. Maar vir eers is die November verassings kamp op hande. Die bestuur is druk besig met al die voorbereidings vir die kerskamp, en belowe om dit weereens n puik kamp vol baie verassings en baie lag te maak. Riaan en Megan Carstens gaan die kamp aanbied en ek wil julle almal uitnooi om hierdie kamp by te woon. "You ain't seen nothing yet"!

Ek is baie opgewonde oor ons boekie. Daar is tans elke jaar n groot kompetisie met die boekies wat elke streek tans maandeliks uit gee. Ons gaan die Rietfontein boekie ook hierdie jaar vir die kompetisie inskryf en die wenners gaan op die kongres kamp aan gekondig word.


Ons volgende kamp is die AJV te Soetdoring. Julle moet dit gerus bywoon. Stuur al julle voorstelle vir die nuwe kampe vir volgende jaar vir ons aan, dank an ons so bietjie daarna kyk en die pryse vergelyk. Ons wil poog dat u so aangenaam en goedkoop as moontlik kan kamp, en almal te kan akkomodeer so ver as moontlik.

Nou ja, tyd om totsiens te se tot volgende keer.

Groete Magda

(magda.devilliers@hotmail.com)

# Jaarprogram 2015



| Datum: | Oord: |
|---|---|
| 30 Jan – 1 Feb. | Stable Inn |
| 6 – 8 Feb. | Koppisol (NUB) |
| 27 – 1 Mrt.. | San Cha Len |
| 3 – 6 Apr. | Klipdraai (presedente) |
| 15 – 17 Mei | Kokoriba |
| 12-16 Junie | Warmbad (gebied) |
| 24 – 26 Julie | Dube |
| 28 - 30 Aug. | Soetdoring (AJV) |
| 23 - 27 Sept. | Koppisol (Nasionale saamtrek) |
| 23 - 25 Okt. | San Cha Len |
| 27 - 29 Nov. | Verassings Kerskamp |

SIEN JOU DAAR!

Belangrik: Besprekings en besoekers moet asseblief so gou moontlik aan Hentie Wessels deur gegee word om jou staanplek te verseker.

Bank besonderhede:

FNB (Boksurg – East Rand Mal)
Rek no: 62367015156
Tak Kode: 253442
Rek naam: Sawa Rietfontein






# ALGEMEEn

FONDS INSAMELING:

Nellie Green het vir ons n skenking gemaak. Dis n pragtige geraamde kruissteek ontwerp wat sy self gedoen het . Dit word uitgeloot en kan by die bestuur n lootjie koop vir tien rand.

BESTUURS VERGADERING:



. Enige iets wat lede graag bespreek wil he op die vergadering kan aan Elize Wessels deur gegee word minstens n week voor die tyd.

ADVERTENSIES:

Indien u enige iets wil adverteer is u welkom om Magda de Villiers te kontak.

FINANSIELE STATE EN BESLUITE REGISTER:




Enige lid is welkom om enige tyd die bogenoemde dokumente te besigtig. U kan die Voorsitter
Hentie Wessels of Megan Carstens kontak, en hulle sal u help daarmee.

VOORSTELLE:

Indien u enige voorstelle vir kampe of enige iets wat ons kampe nog meer interessant en nog lekkerder kan maak is u baie welkom om dit met die bestuur te bespreek.

BATE BESTUUR:




Ons bate bestuur word deur Riaan Carstens behartig. Indien u enige iets van Sawa en Rietfontein streek wil aankoop kan u hom kontak

# KONINGS KOS UIT DIE VLEI SPENS





## INGREDIENTS

- Nonstick spray
- 2 1/2 cups cauliflower, grated (about 1/2 a large head)
- 1 large egg, lightly beaten
- 1 1/4 cups shredded part-skim mozzarella cheese
- 2 tablespoons grated parmesan cheese
- Kosher salt and freshly ground black pepper
- 1/4 cup tomato sauce
- 1 cup grape tomatoes, sliced in half
- 2 cloves garlic, sliced
- 1/4 teaspoon crushed red pepper flakes
- Fresh basil leaves, optional

## DIRECTIONS

Line a rimmed baking sheet with parchment paper, and preheat oven to 425ºF.

1. Grate the cauliflower using a box grater until you have two cups of cauliflower crumbles. Place in a large bowl and microwave for seven to eight minutes, or until soft. Remove from the microwave and let cool.
2. Mix in the egg, one cup mozzarella, parmesan cheese, and salt and pepper. Once combined, pat into a 10-inch round on the prepared pizza pan. Spray lightly with nonstick spray and bake for 10 to 15 minutes, or until golden.
3. Top the pizza with the sauce, 1/4 cup mozzarella, grape tomatoes, garlic, and red pepper flakes. Bake in the oven until melted and bubbly, another 10 minutes. Top with basil before serving.

# LAG JOU WIND UIT




BLONDE GRAPPIES:

Hoe herken jy 'n blond by 'n begrafnis?
Dis die een wat die ruiker probeer vang.




Hoekom staar die blondine vasgenael na die resepteboek?
Die resep se: "Moenie roer nie"




Hoekom maak die blondine net een skoenveter vas?
Want op die skoen staan " Taiwan "

Hoekom gooi die blondine krummels in die toilet?
Sy voer die Toilet Duck

Hoekom staan 17 blondines buite die kroeg?
Want hulle moet 18 wees om te kan ingaan

Jammer, ek kan nie gaan draf nie," sê die blondine
"My walkman is stukkend."

Wat het vier blondines in gemeen?
Niks waaraan hulle kan dink nie.

Hoekom neem dit 'n blondine so lank om 'n soutpotjie vol te maak?
Sy sukkel om die sout deur die gaatjies te kry.

Die blondine koop twee pakkies motbolletjies by die apteek.
Die volgende dag is sy terug om nog te koop.
"Sjoe, maar daar moet baie motte in jou woonstel wees," sê die apteker.
"Nie regtig nie," sê die blondine. "Ek sukkel net om hulle raak te gooi."

Die man kom by die huis en kry sy blonde vrou bewusteloos voor die televisie.
Na 'n groot gesukkel kry hy haar uiteindelik by. "Wat het gebeur?" vra hy.
"Ek was besig om aërobiese oefeninge voor die TV te doen. Die instrukteur het gesê: 'asem in, asem uit ....',
en toe gaan die krag af."

Hoekom kon die blondine nie "11" skryf nie?
Sy het nie geweet watter een kom eerste nie

Koos van der Merwe was maar arm. Toe trou sy seun en Koos kon dit net-net bekostig om die paartjie vir een week se wittebrood Durban toe te stuur. Na ´n week kry hy toe ´n telegram van klein Koos uit Durban.
Stuur asseeblief nog geld, Pa. Dis baie lekker hier.
Waarop Koos toe die volgende telegram terugstuur:
Die geld is op. Kom huis toe. Dis oral lekker.




Koos se vrou en skoonma is saam met hom op ‘n jagtog in die Kalahari.
Die eerste nag maak sy vrou hom paniekbevange wakker. “Mammie is weg!”
Koos vat sy geweer en met sy vrou agterna stap hy die donker in. Nie ver van die kamp af nie gewaar hulle sy skoonma, rug teen ‘n boom met ‘n leeu wat vir haar staan en gluur.
“Ag jinnetjie tog!” gil Koos se vrou, “Wat gaan ons nou doen?”
“Niks nie!” sê Koos kalm “Daai leeu het homself in die gemors gekry, hy kan homself daar uitkry.”



Koos en sy vrou word afgetrek by ‘n spoedlokval.
“Meneer u het het 90 gery en die spoedbeperking is 60.” sê die bloubaadjie.
“Nee ek het net 60 gery.” sê Koos.
“Nee meneer, u het 90 gery.” sê die bloubaadjie.
“Nee ek het nie!” gil Koos.
Net hier leuen Koos se vrou oor en sê: “Meneer, ek moet jou waarsku, mens sukkel nie met my man as hy gedrink is nie.”




Nog ‘n manier om ‘n blondine by ‘n begrafnis te herken? Dis die een wat die ruiker probeer vang.

Brunet se vir die blond:"Next week I'm goiing over to Greece" Blond:"Nee jong,jy's mal bly liewer by Vaseline!

Polisie: Mevrou waar bly jy. Blond: Langs my bure. Polisie: Waar bly jou bure. Blond:Oo hulle bly langs my.

Blondine sit vir 4 ure en kyk na haar huweliks sertifikaat. Haar man vra wat sy doen en sy antwoord : "ek soek na die  vervaldatum?"

# Kinderrympies



## DAAR'S 'N APIE OP 'N STOKKIE

(Kan ook gesing word)
Daar's 'n apie op 'n stokkie voor my ma se agterdeur
Daar's 'n gaatjie in sy broekie en sy stertjie steek daardeur.

## WIPPIE EN SNIPPIE

Wippie en Snippie loer uit by 'n gaatjie.
Wip is 'n muisie en Snip is sy maatjie.
"Wippie en Snippie, daar kom die groot kat!"
Woerts is die muisies weer trug in die gat.

## DIE JAKKALS EN DIE GANSIE

Jakkals nooi vir Gansie: "Kom eet vanaand by my.
Daar's heerlike ou kossies en uintjies uit die vlei."
"Nee dankie," sê die Gansie, "al staan jy op jou kop.
As ek by jou kom kuier
eet jy my seker op."



## DIE JAKKALS EN DIE EENDJIE

'n Vette eend het eendag al met die pad geloop.
Sy wou gaan rys en ertjies en lekkernye koop.
Maar langs die pad het Jakkals haar stil-stil voorgelê;
'n eend hier in sy bladsak, is net wat hy wou hê.
"Goeiemore, liewe Eendjie, ek sien jou voete pla.
As jy in hierdie sak klim, sal ek jou mark toe dra."
"Nee dankie, meneer Jakkals, al pla my voete ook,
Dis beter in die paadjie as in jou pot te kook



## AS EK EENDAG GROOT IS

As ek eendag groot is
Bou ek vir my 'n huis
Met plek vir al die diere,
Van 'n olifant tot 'n muis.
In elkeen van die slaapkamers hou ek 'n beertjie aan,
En weet jy, in die voorhuis, daar woon die bobbejaan!
BOBBEJAAN
Bobbejaan, bobbejaan, waar kom jy vandaan?
Bo uit die berge, onder die maan.
Bobbejaan, bobbejaan wat maak julle daar?
Ons grawe vir uintjies en stoei met mekaar.

# Jonk wees is cool




## Hoe verantwoordelik is ek?

- **Beoordeel jouself!**
- **Wat beteken dit om verantwoordelik te wees?**
- **Waarom moet ek die begeerte hê om verantwoordelik te wees?**
- **Hoe kan ek verantwoordeliker wees?**

## Beoordeel jouself!




- Ek is . . . altyd, meestal, soms of nooit
  - eerlik
  - betroubaar
  - stiptelik
  - vlytig
  - netjies
  - behulpsaam
  - regverdig
  - respekvol
  - liefdevol
- Watter van hierdie eienskappe is jou sterk punte?
  Hou aan om so goed te doen op hierdie gebied.—Filippense 3:16.
- Op watter eienskap moet jy jou werklik toelê?

## JOU HUISLEWE

- Doen jy pligsgetrou die **take** wat jy gegee is?
- Bly jy getrou by jou **inkomtyd?**
- Behandel jy jou ouers en jou broers en susters met **respek?**

Op watter van hierdie punte, indien enige, moet jy jou toelê?**Die Bybel sê:** "Wees gehoorsaam aan julle ouers."—Efesiërs 6:1.

## JOU OPVOEDING




- Maak jy jou **huiswerk** betyds klaar?
- Span jy jou in om jou **punte** te verbeter?
- Het jy goeie **studiegewoontes?**

Op watter van hierdie punte, indien enige, moet jy jou toelê?**Die Bybel sê:** "Wysheid dien as 'n beskerming" (Prediker 7:12). 'n Goeie opvoeding sal jou help om wysheid te verkry.

## JOU REPUTASIE

- Is jy **eerlik** met jou ouers en ander?
- Kan jy **geld** verantwoordelik gebruik?
- Is jy bekend daarvoor dat jy **betroubaar** is?

Op watter van hierdie punte, indien enige, moet jy jou toelê?

# ONS GRYSE JEUG

## Hoe om met waardigheid oud te word



HOE voel jy wanneer jy besef dat jy ouer word? Baie mense voel bekommerd, angstig of selfs bang. Dit is omdat veroudering gewoonlik verband hou met negatiewe dinge, soos om ouer te lyk, ’n swak liggaam, geheueverlies en chroniese siektes.

Maar die feit is dat die manier waarop iemand ouer word, grootliks van persoon tot persoon verskil. Party mense geniet redelik goeie gesondheid in hulle latere jare, fisies sowel as verstandelik. Vooruitgang op mediese gebied het dit vir ander moontlik gemaak om chroniese siektes te behandel of te beheers. In party lande lei al hoe meer mense dus langer en gesonder lewens.

Die meeste mense wil graag met waardigheid oud word, hetsy hulle ouderdomsverwante probleme het of nie. Hoe kan ’n mens dit doen? In ’n mate hang dit af van ons gesindheid asook ons bereidwilligheid en vermoë om by hierdie nuwe fase in ons lewe aan te pas. Kom ons kyk na ’n paar eenvoudige en praktiese Bybelbeginsels wat ons hiermee kan help.

**WEES BESKEIE: “Wysheid is by die beskeidenes” (Spreuke 11:2).** In hierdie konteks kan “die beskeidenes” verwys na bejaardes wat die beperkings van hulle ouderdom erken en aanvaar en dit nie probeer ontken of ignoreer nie. Die 93-jarige Charles, in Brasilië, is realisties wanneer hy sê: “As jy lank lewe, sal jy oud word. Dit is nie moontlik om die tyd terug te draai nie.” Maar om beskeie te wees, beteken geensins dat ’n mens pessimisties moet wees en moet dink: “Ek is oud, en die lewe hou niks meer vir my in nie.” So ’n gesindheid kan jou van jou entoesiasme beroof. “Was jy mismoedig in die dag van benoudheid? Jou krag sal gering wees”, sê Spreuke 24:10. ’n Beskeie persoon openbaar eerder wysheid en maak die beste van die situasie.

**WEES DANKBAAR: “Toon dat julle dankbaar is” (Kolossense 3:15).** Toon waardering wanneer iemand jou help. Blyke van dankbaarheid bevorder goeie verhoudings. “Ek en my man het onlangs van ’n huis na ’n woonstel getrek. Baie van ons vriende het ons gehelp. Ons was baie dankbaar. Ons het vir elkeen ’n dankiesêkaartjie gestuur, en ons het al ’n paar van hulle vir ’n ete oorgenooi”, sê Marie-Paule, ’n 74-jarige in Kanada. Die 76-jarige Jae-won, in Suid-Korea, waardeer dit dat ander haar na die Koninkryksaal neem. Sy sê: “Ek is so dankbaar vir al die hulp dat ek altyd aanbied om iets vir die brandstof by te dra. Soms maak ek klein geskenkies en skryf ek dankiesêbriefies.”

Wees bowenal dankbaar vir die lewe. “’n Lewende hond [is] beter daaraan toe . . . as ’n dooie leeu”, sê die wyse koning Salomo (Prediker 9:4). Ja, as jy die regte gesindheid openbaar en bereid is om aanpasbaar te wees, is dit moontlik om met waardigheid oud te word.




Wees dankbaar

# Memories Dube
















n Kamp in die bosveld is altyd heerlik! Met die diere wat gevoer word by die kantoor is Dube altyd n besonderse kamp. Met Japie en Magda de Villiers as kamp kommodante, was ons getrakteer met van bunny chows tot koek en terte vir Annatjie se verjaarsdag. Magallies streek het saam gekamp en dit het die kamp



bietjie goedkoper gemaak. Hentie was met groot verassing die boete Bessie en almal het deur geloop. Van oud tot jonk, regdeur tot al die poetsbakkers! Met n "bom fire" het ons die koue getrotseer en ons kon die netjiese warmwater swembad gaan opsoek om warm te word.  Ons voorsitter, Hentie Wessels het die naweek afgesluit en almal n voorspoedige reis terug toegewens.  Sien julle by die AJV Soetdoring!




SAWA

# EREKODE

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die grondwet, asook die riglyne en gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.
Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van Sawa te bewaar en uit te lewe
2. Ek sal Sawa dien sover ek kan en alles in my vermoe doen om ons assosiasie uit te brei.
3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.
4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.
5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.
6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van Sawa te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.